KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

# NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 NOVEMBER 2016 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**
**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh A de Vries | [DA] | - | Speaker |
| Rdh EB Manuel | [DA] | - | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd Me SM Crafford | [DA] | - | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh RM van Rooy | [DA] | | |
| Rdl MA Wessels | [DA] | | |
| Rdh JJ Josephus | [DA] | | |
| Rdl J Daniels | [DA] | | |
| Rdl AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl Me SS Lesch | [ANC] | | |
| Rdd Me SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl SR Claassen | [ANC] | | (Sluit aan om 14:05) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr JA van Niekerk | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Me JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Me A van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr W Wagener | - | Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling |
| Mnr NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me CC Cloete | - | Senior Tikster |
| Me AA Somers | - | Klerk: Komitee Dienste |

AKSIE

**RVN001/11/2016**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste open die vergadering met gebed, waarna die Speaker almal verwelkom.

Verder noem hy dat dit die laaste Raadsvergadering vir 2016 is en dat ons baie het om voor dankbaar te wees.

Ten slotte vermeld hy dat ons met 'n dankbare gesindheid die jaar op 'n hoogtepunt kan afsluit.

***

**RVN002/11/2016**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadsheer J Swart
Raadslid A Small (Me)

***

**RVN003/11/2016**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar indiwidueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot die items in die agenda het nie, (uitgesluit Raadsheer Manuel, Raadsdame Crafford, Raadsheer van Rooy en Raadslid Wessels wat hul belange met betrekking tot item 014 verklaar).

***

**RVN004/11/2016**
**BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2016**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Raadsvergadering gehou op Dinsdag 25 Oktober 2016 bekragtig word onderhewig aan die onderstaande regstellings, naamlik:

- dat tot die presensielys bygevoeg word:
  Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling – (*waarnemende Direkteur Korporatiewe Dienste)*; en

- dat die mededeling soos volg lees:
  Direkteur Finansiële Dienste het op Donderdag 13 Oktober 2016 verjaar.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (R FILLIS)***

***

**RVN005/11/2016**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOER VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADS-VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2016**
**3/3/2/2**

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN006/11/2016**
**EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 25 OKTOBER 2016: SLUITING VAN MUNISIPALE KANTORE**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester bedank alle werknemers vanaf Senior Bestuursvlakke tot op die laagste posvlak vir hul harde werk wat bygedra het tot die skoon Oudit vir die jaar 2015/2016.

Die Munisipale Bestuurder en die Uitvoerende Burgemeester het besluit as gevolg van die skoon Ouditverslag en goeie werk gelewer vir die jaar hul dan die werknemers wat werksaam sal wees op 28, 29 en 30 Desember 2016, nie meer tot 13:00 laat werk nie, maar wel tot 11:00.

Die ANC wens die Uitvoerende Burgemeester geluk op die skoon Ouditverslag wat Bergrivier Munisipaliteit behaal het.

Die Munisipale Bestuurder vra dat toestemming gegee word dat sy en die Uitvoerende Burgemeester na die tye sal kyk en dienooreenkomstig toepas en die personeel inlig.

**Die onderstaande reëling met betrekking tot tyd-af is soos volg:**

1. Dat op 15 Desember 2016 die kantore om 13:00 sluit en alle personeel en Raadslede het die middag af; en
2. Dat op Vrydag 23 Desember 2016 die kantore om 11:00 sluit.

***ALLE DIREKTEURE***

***

**RVN007/11/2016**
**TWEEDE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 25 OKTOBER 2016: TERUGVOER VANAF PROVINSIE: AANSTELLING VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in en noem dat amptelike goedkeuring ontvang is van die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering met betrekking tot die aanstelling van die Munisipale Bestuurder vir haar nuwe termyn.

Hy noem dat die skrywe beskikbaar is vir alle Raadslede.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/11/2016**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:</u>

- Sy bedank almal wat die Raad se strategiese sessie bygewoon het en vir die insette gelewer. Die Munisipale Bestuurder noem dat tydens die sessie is gevra dat ŉ publieke vergadering gereël word rakende die toekoms van Pelikaan Strandoord met die gemeenskap en betrokke wyksraadslid. Voorts meld sy dat die vergadering sal plaasvind op Donderdag 01 Desember 2016 om 19:00 in die Noordhoek gemeenskapsaal en noem dat ŉ berig in die Weslander se volgende uitgawe sal verskyn, waarna sy die Direkteur Korporatiewe Dienste en Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling bedank vir die opstel en plasing van die berig; en

- Sy noem dat die prysuitdelingsfunksie plaasvind op Vrydag 09 Desember 2016 om 12:00 by Aurora: skousaal en versoek dat alle Raadslede reeds om 11:45 in prosessie volg by die ingang.

<u>Die Speaker doen die volgende mededelings:</u>

- Hy meld dat die Bestuurder: Strategiese Dienste Maandag 28 November 2016 verjaar het en wens haar geluk namens die Raad;

- Hy meld dat kollega Me Sara Cloete van die Tegniese Dienste-afdeling se broer oorlede is en betuig namens die Raad medelye en simpatie teenoor haar familie; en

- Hy meld dat kollega Me Magrieta Frans werksaam by Porterville tans mediese behandeling ontvang.

***

**RVN009/11/2016**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN010/11/2016**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN011/11/2016**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SLUITING VAN PADROETE MR527 PIKETBERG**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder meld dat die verbindingspad tussen die verlenging van Langstraat (uitgang na N7 in die rigting van Kaapstad aan PPC se kant) na Velddrif gesluit sal wees vanaf Desember 2016 tot Junie 2017 vir padwerke.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem.**

**BESLUIT:**

1. Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste die inligting versprei aan ons netwerke; en
1. Dat die Hoof: Verkeersdienste die inligting versprei aan die georganiseerde taxi-industrie.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***EN***

***HOOF: VERKEER***

***

**RVN012/11/2016**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER: MPAC: VOLDOEN NIE AAN WETGEWING**
**9/1/2**

Die Speaker lei die item in en gee agtergrond. Hy noem dat hy by 'n onlangse gesprek met Provinsie meegedeel is dat die MPAC nie aan wetgewing voldoen nie en word deur Raadslid Claassen ondersteun.

Hy noem verder dat MPAC 'n artikel 79-komitee is en noem dat die lede en die Voorsitter deur die Raad aangestel word en dat 'n besluit geneem is om van 'n buite-persoon gebruik te maak as voorsitter.

Voorts versoek die Speaker aan die Munisipale Bestuurder om ondersoek in te stel rakende die tegniese feite rondom die aanstelling en indien daar enige regstellings moet wees, die raad sodanig te adviseer.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die volle Raad reeds 'n besluit in September 2016 hieroor geneem het. Sy noem dat die Raad nie buite die ordereëls mag optree nie en lees Artikel 19 wat handel oor die herroeping van besluite voor aan die Raadslede.

Sy noem dat die volgende MPAC vergadering geskeduleer is vir 20 April 2017 en dat sy skriftelike kommentaar sal gee so spoedig moontlik.

***(Op versoek van die DA koukus verdaag die vergadering om 14:30 en hervat om 15:00).***

Die Uitvoerende Burgemeester gee die geleentheid aan Raadslid Daniels om terugvoering te gee.

Verskeie insette word gelewer deur die Raadslede.

Die Voorsitter versoek dat die Raadslede hierdie situasie hanteer soos wat wetlik vereis word.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem.**

**BESLUIT:**

1. Dat die aangeleentheid terugverwys word na die Munisipale Bestuurder vir verdere ondersoek en terugvoering;
2. Dat die Uitvoerende Burgemeester konsulteer met die huidige voorsitter van MPAC; en
3. Dat die Burgemeesterskomitee met voorstelle kom na die volgende Raadsvergadering in 2017.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***UITVOERENDE BURGEMEESTER***

***

**RVN013/11/2016**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER: BELEIDSWERKSWINKEL VIR RAADSLEDE**
**9/1/2**

Die Speaker lei die item in en stel die Raadslede in kennis van die Beleidswerkswinkel wat plaasvind op Woensdag 30 November 2016 in die Raadsaal, Piketberg.

Ten slotte meld hy dat dit belangrik is vir alle Raadslede om die werkswinkel by te woon.

**KENNIS GENEEM**

***

***(Die Uitvoerende Burgemeester, Die Uitvoerende Onderburgemeester, Raadsheer Van Rooy en Raadslid Wessels, verlaat die vergadering om 15:10 voordat bespreking van punt 014 plaasvind).***

**RVN014/11/2016**
**APPEAL AGAINST MAYORAL COMMITTEE DECISION NR. BKN021/09/2016 OF 13/09/2016 (APPLICATION FOR DEPARTURE/CONSENT USE: ERF 2926, PORTERVILLE) PTV 2926**
**15/3/8**

The Manager Planning and Development gave a brief summary of the item under discussion.

Councillor du Plooy mentioned that illegal activities took place on the premises and stated that the owner of the premises is currently in prison, and requested that it should not be approved.

Alderman Josephus and Alderlady Smit supported the request of Councillor du Plooy.

The ANC stated that the Councillors should be careful on how they debate during meetings and request that the Chairperson organise training for all the Councillors regarding discriminatory issues, so that they should know how to deal with these matters.

The Chairperson urgently request that Councillors should not reason or debate on the basis of foreigners and refrain from any racist remarks.

**The undermentioned resolution is taken unanimously by Council.**

**RESOLUTION:**

1. That the appeal against Mayoral Committee decision no. BKN021/09/2016 dated 13 September 2016 in terms of section 62 of the Local Government Municipal Systems Act, 2000, **be dismissed**, and the Mayoral Committee decision be confirmed as follows:

   *"That the application in terms of section 15 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) for temporary departure/ consent use in order to operate a house shop from the proposed extension to dwelling house ±21.60m² in extent on Erf 2926, Porterville, 22 Hendrick Crescent,* ***be refused,*** *because:*

   *a) The proposed house shop exceeds the permissible floor space prescribed in the land use description for house shop in terms of Bergrivier Integrated Municipal Zoning Scheme By-Law, for which no departure may be granted.*

   *b) Allowing an additional house shop within a radius of 150m from three approved house shops, will have a negative impact on the primary residential character of the area, and*

   *c) Residential areas are for primary residential purposes, allowing an additional house shop within 150m radius of three approved shops, can have a negative impact on property values of surrounding owners, and existing rights should be respected above additional rights."*

***(The Mayoral Committee members joined the meeting at 15:20 after the resolution was taken on item 014).***

***

***MANAGER: PLANNING AND DEVELOPMENT***

**RVN015/11/2016**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERWE 1822, 3729 EN 4189 (PB)**
**15/3/8**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem.**

**BESLUIT:**

1. Dat Erwe 4186, 3729 en 1822 Piketberg nie vir Munisipale doeleindes benodig word nie;
2. Dat Erwe 3729, 4186 en 1822 Piketberg by wyse van tender vervreem word en adverteer word vir 14 dae;
3. Dat die Munisipale waardasies as insetpryse gebruik word; en
4. Dat, indien erwe tydens tenderproses toegeken word, dit binne tien (10) maande na toekenning oorgedra word.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**RVN016/11/2016**
**MONTHLY & QUARTERLY BUDGET STATEMENT: SEPTEMBER 2016**
**5/1/B, 5/1/1**

The Portfolio Chairperson gave a brief summary of the item under discussion.

**The undermentioned resolution is taken unanimously by Council.**

**RESOLVED**

That Council notes the monthly & quarterly budget statement and supporting documentation for September 2016.

***

**RVN017/11/2016**
**<u>EERSTE AANSUIWERINGSBEGROTING 2016/2017: "ROLL-OVERS" 2015/2016 EN ADDISIONELE PROVINSIALE TOEKENNINGS</u>**
**5/1/B, 5/1/1**
***(The report was tabled at the meeting as previously distributed electronically).***

The Executive Deputy Mayor and the CFO gave a brief summary of the report for consideration by the Council.

**<u>RESOLUTION:</u>**

1) That the first annual Adjustment Budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2016/2017, **be approved**:

a) Table B2: Adjustment budget Financial Performance (expenditure by standard classification)

b) Table B3: Adjustment budget Financial Performance (expenditure by municipal vote)

c) Table B4: Adjustment budget Financial Performance (revenue by source)

d) Table B5: Adjustment budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding

e) Table B6: Budgeted Financial Position

f) Table B7: Budgeted Cash Flow

g) Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation

h) Table B9: Asset Management

i) Table B10: Basic service delivery measurement ; and

2) That the Adjustment Budget be submitted to the authorities and in the format as required by law.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN018/11/2016**
**<u>WES-KAAPSE PROVINSIALE REGERING: DRAADLOSE BREë-BAND PROJEK BINNE BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**7/2/3/2**

Die Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling lei die item in en neem die Raadslede deur die verslag.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

Raadsdame Smit versoek dat na die Wi-Fi stelsel gekyk word, omrede sy nooit opvangs kry in die raadsaal (Piketberg) tydens Raadsvergaderings nie.

Die Munisipale Bestuurder gee opdrag dat die Direkteur Korporatiewe Dienste die aangeleentheid opvolg met die Hoof: IT en Argiewe vir afhandeling.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem.**

**BESLUIT:**

Dat TWK Communications Bk / Wes-Kaap Provinsiale Regering toegelaat word om 'n draadlose breë-band installasie by Porterville Reservoir op te rig vir uitsluitlike gebruik vir Wes-Kaap Provinsiale Regering se draadlose breë-band projek, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. "**Site restrictions**: base area restricted to 12m²";
2. Die presiese posisie en dimensies van die "base area" moet in oorleg met Bergrivier Munisipaliteit se ingenieurs bepaal en opgemeet word;
3. "**Infrastructure restricted to**: 3m – 15m lattice mast painted green to minimize visual impact, 2m – 6m 76mm pole mount, 60cm microwave parabolic and sector antennas";
4. Frequencies used by TWK Communications Bk / Western Cape Provincial Government may not interfere with any of the existing frequencies used at the site or its surroundings;
5. **AC connection and prepaid meter** (including any upgrading of electrical cables) to be paid for by TWK Communications Bk / Western Cape Provincial Government and is to be installed by an electrical contractor approved by Bergrivier Municipality's Electrical Engineer;
6. If any equipment is no longer used, TWK Communications Bk / Western Cape Provincial Government will be held responsible/liable for the removal thereof;
7. Bergrivier Municipality do not accept any legal and/or financial responsibility for any damages to any equipment/installations of TWK Communications Bk / Western Cape Provincial Government placed on or mounted to the Municipality's land and/or other property; and
8. TWK Communications Bk / Western Cape Provincial Government is responsible to obtain any other legal approvals that may be required for their equipment/installations prior to commencement.

***MANAGER: PLANNING AND DEVELOPMENT***

**

**RVN019/11/2016**
**REPORT OF THE PERFORMANCE AND AUDIT COMMITTEE ON BERGRIVIER MUNICIPALITY'S PERFORMANCE MANAGEMENT FOR THE PERIOD: 01 JANUARY 2016 TO 30 JUNE 2016**
**12/2/2/21**

**NOTED**

***

**RVN020/11/2016**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 SEPTEMBER 2016**
**1/4/1**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem.**

**BESLUIT:**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 27 September 2016.

***

**RVN21/11/2016**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2016**
**1/4/1**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem.**

**BESLUIT:**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 25 Oktober 2016.

***

**RVN022/11/2016**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 13 SEPTEMBER 2016**
**1/4/1**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem.**

**BESLUIT:**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 13 September 2016.

***

**RVN023/11/2016**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME 2016**
**3/2/1/3**

Die Voorsitter noem dat dit dringend is dat die Bestuurder: Strategiese Dienste die konsep Wykskomitee beleid werkswinkel en daarna aan die Raad voorlê vir goedkeuring.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN024/11/2016**
**<u>SLOERING OOR VLAMINKEVLEI - ONTWIKKELING</u>**

Raadslid S Claasen spreek sy ontevredenheid uit oor die vertraging van ontwikkelings in Velddrif rakende Pelikaan Strandoord ontwikkeling, asook Vlaminkevlei ontwikkeling en noem dat hy ŉ probleem het oor hoe sommige ontwikkelings hanteer word.

Die Voorsitter noem dat die items vervat is in die notules van die Burgemeesterskomitee en noem dat kennis geneem word van die sentiment wat uitgespreek is.

Die Munisipale Bestuurder noem dat hierdie as dringend gelys is en noem dat hul steeds wag vir inligting vanaf die ontwikkelaar en noem dat dit terugverwys is na die Direkteur Tegniese Dienste om die berekeninge te doen van die infrastruktuur.

Die Direkteur Tegniese Dienste rapporteer dat hy ŉ vergadering gehou het met die ontwikkelaars waar die Projek Ingenieur, Projek Bestuurder en Stadsbeplanner teenwoordig was.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN025/11/2016**
**<u>AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**RVN026/11/2016**
**<u>BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD</u>**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:40***

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.***

______________________ ______________________

***VOORSITTER (SPEAKER)*** ***DATUM***

***